



NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN  
NOVEMBER 2019

**MUSIEK: VRAESTEL I**

**NASIENRIGLYNE**

Tyd: 3 uur

100 punte

---

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminatore en hulp-eksaminatore van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

---



1.1.1 Dit is 'n Menuet en Trio deur Mozart. Die einde van die eerste seksie van die Menuet word aangedui in maat 8a en 8b deur 1<sup>ste</sup> en 2<sup>de</sup> tydmate en herhaaltekens te gebruik. Dui op dieselfde manier die volgende op die partituur aan:

(a) einde van die Menuet/begin van die Trio.

(b) einde van die eerste seksie van die Trio.

**SIEN SO NA: 1 punt vir einde van seksie**

**½ vir korrekte gebruik van 1<sup>ste</sup> en 2<sup>de</sup> tydmate**


1.1.2 Noem die kadens aan die einde van die Menuet en gee die akkoorde wat dit vorm.

**Volmaak: V – I**

1.1.3 Noem die toonsoort van die Trio en gee die verwantskap daarvan met die toonsoort van die Menuet.

**D Majeur – die dominanttoonsoort.**

1.1.4 Maat 27, 29, 30 en 32 word hieronder in lukraak volgorde gedruk. Luister na **Snit 1a (00:49)** wat die Trio is en skryf die korrekte maatnommer langs elke frase.

MAATNOMMER	
32	
29	
30	
27	

1.1.5 Gee die maatnommer waarin jy ses opeenvolgende note van 'n chromatiese toonleer aantref.

**Maat 21 of Maat 33**

1.2 Luister na **Snit 2 (01:05)** [Uittreksel uit die Ouverture tot *Candide* deur Leonard Bernstein. <<https://www.youtube.com/watch?v=YaY2iAC4Y-w>>: besoek 9 Februarie 2019]. 'n Uittreksel uit die klavierverkleining van die partituur word hieronder gedruk.



1.2.1 Hierdie uittreksel bevat drie veranderinge in tydmaattekens. Voeg die korrekte tydmaattekens in waar nodig.

**Maat 1: 2/4; Maat 3: 3/2; Maat 4: 2/2 of 4/4**

1.2.2 Noem afgesien van die veranderende tydmaattekens een ander manier waarop die komponis ritmiese belangstelling in die stuk skep.

**Gebruik van aksentverskuiwings wat 'n gevoel van sinkopasie skep. Gebruik van sforzando. Triole, herhaling van ritmiese motief, trioolmotief maak plek vir agtstenootmotief.**

1.2.3 Noem 'n toonleer wat die vyf note in die blok gemerk A bevat.

**B-mol majeur / g mineur / F majeur / d melodiese mineur**




Luister na **Snit 3 (01:13)** [Uittreksel uit "Mars, the Bringer of War", uit *The Planets* – Gustav Holst: Holst *The Planets*. Snit 1; Los Angeles Philharmonic Orchestra, Zubin Mehta; Decca 4785558, 2011].

1.3 Maak ses regmerkies om eienskappe wat in die musiek aanwesig is, te identifiseer.

Saamgestelde tyd		Drieslagmaat	
<b>Dissonantharmonie</b>	x	<b>Nabootsing</b>	x
<b>Sekwens</b>	x	Konsonantharmonie	
<b>Vyfslagmaat</b>	x	Monofoniese tekstuur	
Majeurtonaliteit		<b>Ostinato</b>	x
<b>Triole</b>	x	Enkelvoudige tyd	

Luister na **Snit 3a (00:16)**. Dit is die melodie uit **Snit 3. [Getoonset op Sibelius © deur die eksaminator.]**

1.4 Maak 'n regmerkie langs die melodiese vorm wat jy hoor.

	
	
	<p style="text-align: center;">x</p>

**VRAAG 2**

Luister na **Snit 4 (01:10)** [Resitatief uit *The Marriage of Figaro* – Mozart], **Snit 5 (01:04)** [Kwintet uit *West Side Story* – Bernstein] en **Snit 6 (01:08)** ["La Donna e Mobile" – Luciano Pavarotti <https://www.youtube.com/watch?v=xCFEk6Y8TmM> besoek 9 Februarie 2019].

2.1 Identifiseer en definieer die element van opera/musiekteater wat in elke snit gehoor word.

Die antwoord word hier getabuleer vir maklike verwysing.

	<b>Snit 4</b>	<b>Snit 5</b>	<b>Snit 6</b>
Element van opera/musiekteater wat in die snit gehoor word [1 punt per snit x 3 = 3 punte]	<b>Resitatief (secco)</b>	<b>Ensemble</b>	<b>Aria</b>
Definisie van die element hierbo genoem [1 punt per snit x 3 = 3 punte]	<b><u>Spraaktipe lied met beperkte begeleiding wat gebruik word om dialoog oor te dra.</u></b> <b><u>Klavesimbelbegeleiding.</u></b> <b><u>Die aksie gaan voort.</u></b>	<b><u>Twee of meer karakters sing tegelykertyd.</u></b> <b>Druk hul eie emosies/ gevoelens uit.</b>	<b><u>Solis deur orkes begelei.</u></b> <b>Druk emosies/ reaksies uit op die aksie wat pas plaasgevind het.</b> <b><u>Die aksie gaan nie voort nie.</u></b> <b><u>Stel die vaardigheid van die sanger ten toon.</u></b>
<b>Moet twee of drie feite noem vir ½ punt elk. Die onderstreepte feit moet genoem word.</b>			

Luister na **Snit 7 (01:27)** [Oliver se melodie uit "Who will Buy" uit *Oliver!* deur Lionel Bart; 1991; National Symphony Orchestra gedirigeer deur John Owen Edwards; TER Ltd CDTER1184]

2.2 Dui aan of die volgende stellings oor hierdie snit en die werk waaruit dit geneem is, WAAR of ONWAAR is. Indien die stelling onwaar is, gee die korrekte antwoord, byvoorbeeld: Oliver! is in Nederlands geskryf. Antwoord: Onwaar, dit is in Engels geskryf.

- (a) Die melodie wat in hierdie snit deur Oliver gesing word, is in ABA-vorm. **WAAR**
- (b) Die openingsmelodie wat in hierdie snit deur Oliver gesing word, is gebaseer op die Joodse Frigiese dominanttoonleer. **ONWAAR** – Pentatoniese toonleer Fagin se lied, "Reviewing the situation", is op die Joodse Frigiese dominante skaal gebaseer.

- (c) Die musiekspel *Oliver!* is deur Duke Ellington geskryf. **ONWAAR – Lionel Bart**
- (d) Hierdie lied word deur Oliver gesing nadat hy deur Mr Brownlow ingeneem is. **WAAR**
- (e) Die begin van hierdie nommer (voor die seksie wat op hierdie snit gehoor word) ontwikkel in 'n homofoniese tekstuur vanweë die verstrengeling van die straatverkopers se uitroepe. **ONWAAR – Polifoniese tekstuur**

Luister na **Snit 8 (01:05) ["Madamina" (Catalogue Aria) uit *Don Giovanni* – Mozart. *Music – An Appreciation* deur Roger Kamien. CD's om die 9de uitgawe te vergesel; Skyf 3, Snit 62; McGraw-Hill Companies/Sony BMG Music 2006]** en **Snit 9 (01:05) ["I'm Reviewing the Situation" uit *Oliver!* deur Lionel Bart; 1991; National Symphony Orchestra gedirigeer deur John Owen Edwards; TER Ltd CDTER1184]**

- 2.3 Dui aan hoe die sosiale status/kulturele agtergrond van elke karakter deur die toonsetting uitgebeeld word.  
**Leporello: laer klas, komiese karakter word uitgebeeld deur die rammelsang en kort frases. Sillabies ( $\frac{1}{2}$ ).**  
**Fagin: is ook laer klas en hy is Joods. Hy het ook rammelfrases en sy Joodse erfenis word uitgebeeld deur die elemente van die Klezmerstyl wat in die lied duidelik is, met inbegrip van die wisselende tempo, oempabas en die vioolgeskal wat op die Joodse Frigiese dominanttoonleer gebaseer is.**  
**Beide karakters moet genoem word.**
- 2.4 Vergelyk die inhoud van die snitte. Moenie na die taal van die snitte verwys nie.  
**Leporello sing nie oor homself nie – hy vertel ons van Don Giovanni se verowerings. Ons kom die meeste van Don Giovanni te wete in hierdie aria – van hoeveel vroue hy verower het tot die nasionaliteite en die verskillende tipes vroue waarvan hy hou.**  
**Fagin sing oor homself: hy neem sy lewe in oënskou en wonder of hy moet wegdraai van 'n lewe van misdaad. Ons leer meer van Fagin in hierdie lied.**
- 2.5 Lewer kommentaar op die effektiwiteit van die tempo en toermaat verandering tussen die twee seksies van Snit 8 met spesifieke verwysing na die toonsetting van die lirieke.  
**Seksie B is baie stadiger as seksie A en dit is in drieslagmaat terwyl seksie A in vierslagmaat is. Dit is effektief, want in seksie A noem Leporello die vroue op wat Don Giovanni verower het en die vinnige tempo en "bestendige" metrum boots 'n abakus/telmasjien na. In seksie B beskryf hy die eienskappe van die vroue en die stadiger tempo, in die styl van 'n menuet in drieslagmaat, boots 'n paar van die eienskappe na. Die aanvalligheid van die blondines en die standvastigheid van die brunette word byvoorbeeld in die liriese melodie weerspieël.**  
**Aanvaar ook antwoorde wat direk verband hou met wat in Snit 8 gehoor word.**

**VRAAG 3**

Verwys na **PARTITUUR A** ["Jupiter" uit *The Planets* deur Gustav Holst: IMSLP05396-Holst\_-THE\_PLANETS\_-Suite\_for\_Large\_Orchestra\_-\_Partitur besoek 29 Desember 2018], **PARTITUUR B** [1<sup>ste</sup> beweging uit Simfonie No. 94 in G Majeur deur Haydn IMSLP262221-SIBLEY1802.25015.df42-39087009351356 partituur besoek 30 Januarie 2018] en **PARTITUUR C** [*Hebrides' Overture* deur Mendelssohn IMSLP122244-PMLP05059-Mendelssohn\_-\_Die\_Hebriden\_FS\_rsl besoek 29 Desember 2018].

- 3.1 Plaas die drie partiture in chronologiese volgorde deur die tabel hieronder te voltooi.

Klassiek	Romanties	20 <sup>ste</sup> Eeu
<b>A</b>	<b>C</b>	<b>B</b>

- 3.1.1 Gee redes vir jou keuse hierbo deur minstens twee van die partiture te vergelyk.

REDE 1: met verwysing na die snaarfamilie.

- **Partituur A** het die tjello's en basse op een balk geskryf – tipies van die klassieke tydperk.
- **Partituur B** en **C** het die laer snaarinstrumente op afsonderlike balke geskryf – tipies van romantiese en latere werke, omdat die laer snaarinstrumente meer onafhanklik word.

REDE 2: met verwysing na die blaasinstrumente.

- **Partituur B** sluit piccolo, Engelse horing en basklarinet in, wat wys op 'n later orkes as die een in Partituur C.
- **Partituur C** sluit fluite, klarinette, hobo's en fagotte in, maar geen hulpinstrumente nie.
- **Partituur A** en **C** het minder koperblaasinstrumente.
- **Partituur A** gebruik slegs fluite, hobo's en fagotte. Daar is geen klarinet nie, wat eers deur Mozart by die orkes bygevoeg is.

**Ander antwoorde wat met die melodie / harmoniese materiaal van die partituur of ander stylkenmerke verband hou, mag reg gemerk word solank dit korrek is t.o.v. die partituur.**



3.2 Die volgende uittreksel, uit 'n ander seksie van Partituur C, is geskryf vir twee klarinette in A, wat 'n mineur 3<sup>de</sup> laer klink as wat dit geskryf is. Herskryf die musiek in konsertstemming. Sluit die nuwe toonsoortteken en alle musiekbesonderhede in.

Cl. in A *pp*

Cl. in A *pp*

Cl. in A *pp*

Cl. in A *pp*

**SIEN SÓ NA:**  $\frac{1}{2}$  vir elke noot  $\times 6 = 3$ ; Toonaardteken = 1

3.3 Hierdie melodie is geneem uit 'n ander seksie van Partituur A. Herskryf dit in die ekwivalente saamgestelde tydmaat. Sluit die nuwe tydmaatteken in.

Oboe

Oboe

OF

**SIEN SÓ NA:**  $\frac{1}{2} \times 3$  maatslae =  $1\frac{1}{2} + \frac{1}{2}$  vir tydmaatteken = 2

3.4 Identifiseer die volgende intervalle, gemerk (i), (ii) en (iii) op Partituur B. Interval (i) en (ii) word hieronder gedruk vir maklike verwysing. Verwys asseblief na die partituur vir interval (iii).

- (i) Tussen die laagste noot van die klarinet en die laagste noot van die hobo: **Mineur 7<sup>de</sup>**
- (ii) Tussen die kontrabas en die altviool: **Saamgestelde rein oktaaf / Rein 15<sup>de</sup>**
- (iii) Tussen die twee fluite: **Majeur 3<sup>de</sup>**

**VRAAG 4**

Luister na **Snit 10 (01:29) [USA Special uitgevoer deur die N D HotShots: Snit 1 van African Jazz 'n Jive: An Authentic Selection of South African Township Swing Classics from the 50s and 60s. Gallo Record Company CDZAC 75, 2000]** en **Snit 11 (01:11) [Bergville Green Lovers <https://www.youtube.com/watchv=KopUlfKPSow> besoek 15 Februarie 2019].**

4.1 Lees elke stelling en skryf dan die snitnommer onder die korrekte antwoord. In elke geval sal slegs twee van die drie antwoorde gebruik word.

**VOORBEELD:**

<b>STELLING</b>			
Die styl van die snit is:	Klassiek	Romanties	20 <sup>ste</sup> Eeu
<b>SNITNOMMER</b>	8		9



<b>STELLING</b>			
Die wortels van hierdie musiekstyl lê in:	Inheemse musiekstyle	Marabi	Mbaqanga
<b>SNITNOMMER</b>	11	10	
Hierdie musiekstyl word die meeste geassosieer met:	Sophiatown	Sjebbens en bendeledede	Zulu-trekarbeiders en mynhostelle vir mans
<b>SNITNOMMER</b>	10	10	11
Hierdie musiekstyl is ook beïnvloed deur:	Amerikaanse grootorkesswing	Vokale jive jazz	Afro-Amerikaanse digte harmonie
<b>SNITNOMMER</b>	10		11
'n Tipiese kenmerk van die styl is:	Roep en antwoord	Swaar melodiese bas	Kort frases van 2–3 note
<b>SNITNOMMER</b>	11	10	
Die tekstuur van die snit is:	Hoofsaaklik polifonies	Hoofsaaklik homofonies	'n Mengsel van homofoniese en polifoniese tekstuur
<b>SNITNOMMER</b>		11 / 10	10 / 11
Die toonkleur van die snit word oorheers deur:	Saksofone en koperblaas-instrumente	<i>A capella</i> , meerstemmige manstemme	Die kwêlafluit
<b>SNITNOMMER</b>	10	11	

Luister na **Snit 12 (01:27) [Pata Pata – Miriam Makeba van die album *Welela*].**

4.2 Merk die sikliese akkoordprogressie wat jy in Snit 12 hoor.

I – iib (ii <sup>6</sup> ) – IV – V		I – IV – V – I	
I – IV – Ic (I <sup>6/4</sup> ) – V	x	I – vi – IV – V	

4.3 Hierdie lied is in D majeur. Skryf die akkoordprogressie wat jy hierbo gekies het sonder toonsoortteken, maar met enige nodige skuiftekens. Dui die toonsoort aan en besyfer die akkoorde.



D: I IV Ic/16/4 V

**SIEN SÓ NA:** ½ per akkoord × 4 = 2. Indien verkeerde progressie in 4.2 gekies is, maar die korrekte ooreenstemmende akkoorde word in 4.3 geskryf, word die akkoorde as korrek nagesien. (–½ indien geen besyfering nie)

Luister na **Snit 13 (01:15) [*Meadowlands* uitgevoer deur Nancy Jacobs and her Sisters. Snit 5 van *The History of Township Music* – WRASSE Records: WRASS029. Alle titels gepubliseer deur Gallo Music 2001].**

4.4 Die lirieke van die eerste en tweede vers van die lied word hieronder gedruk. Voeg in die regterkolom die ontbrekende musiekbesonderhede in soos aangedui:

LIRIEKE	
<b>INLEIDING</b>	Getal mate (1): <b>4 mate</b> Gespeel deur (2): <b>klavier, kontrabas, kitaar en tromstel (enige twee instrumente)</b>
<i>Sizohamba ubusuku nemini</i> <i>SiyeGoli eMeadowlands</i> <i>Sizohamba ubusuku nemini</i> <i>SiyeGoli eMeadowlands</i>	Beskryf die gebruik van die stemme (1): <b>Solovrouestem sing die hoofmelodie met vroulike agtergrondstemme wat die woord "Meadowlands" herhaal</b>
<i>Meadowlands, Meadowlands,</i> <i>Meadowlands sithandwa sam</i>	Beskryf die gebruik van die stemme (1): <b>Alle vrouestemme sing in harmonie</b>
<i>Otla utlwa makgowa a re,</i> <i>A re yeng ko Meadowlands</i> <i>Otla utlwa makgowa a re,</i> <i>A re yeng ko Meadowlands</i>	Lewer kommentaar op die klaviergedeelte en noem die tekstuur wat geskep word (1): <b>Improviseer 'n kontramelodie bo die sangers wat 'n polifoniese tekstuur skep</b>
<i>Meadowlands, Meadowlands,</i> <i>Meadowlands sithandwa sam</i>	

Luister na **Snit 14 (04:31)**. Die lirieke word op die Hulpbronblad as BYLAAG A aangetref. [**Sophiatown** deur **Thandi Klaasen**: <<https://www.youtube.com/watch?v=Fu-vBX7oKKU>>: besoek 30 Januarie 2018]

- 4.5 Noem die Apartheidswet en verduidelik die gevolge daarvan wat aanleiding gegee het tot die gebeure waarna in hierdie lied verwys word.

**Die Groepsgebiedewet van 1950 het tot die gedwonge verskuiwing van die inwoners van Sophiatown na Meadowlands in Soweto gelei.**

- 4.6 Evalueer die gebruik van die volgende musiekelemente by die skep van die stemming van die lied: tempo, tonaliteit en melodie. Sluit toepaslike vergelykings met *Meadowlands* in om jou evaluering te motiveer.

Hierdie memo is getabuleer vir maklike verwysing. Die antwoord moet as 'n paragraaf geskryf word.

Musiek-element	Snit 14 <i>Sophiatown</i>	<i>Meadowlands</i>	Stemming in <i>Sophiatown</i> geskep
Tempo	Stadige tempo	Vinnig, opgeruimd	Peinsende stemming
Tonaliteit	Majeur maar klink na mineur/blues	Majeurtoonard	Melancholiese, hartseer stemming
Melodie	Vokale melodie: liries, groot omvang. Liriese trompetmelodie in die inleiding en dan as kontramelodie vir stem. Melodiese baslyn – tipies van Mbaqanga	Vokale melodie: beperkte omvang, herhalend. Eenvoudig. Geïmproviseerde kontramelodie op die klavier in vers 2, 3 en 4	Gevoel van verlies van plekke waarvoor sy lief was en wat deel was van haar lewe.

Ander geldige redes sal oorweeg word.

Evaluering: maksimum 3 punte

Vergelyking: maksimum 4 punte

4.7 Vergelyk die lirieke van *Sophiatown* met dié van *Meadowlands*. Gebruik aanhalings uit die lirieke om jou vergelyking te ondersteun. Moenie na die taal van die lirieke verwys nie.

- Die lirieke van *Sophiatown* skilder 'n prentjie van plekke wat verwoes is en verwys na spesifieke plekke in Sophiatown wat Thandi Klaasen onthou: "Fattie's Bar" en "Good Street".
- Daar is 'n ware gevoel van het behoort ("breaking down the place where I was born") en die hartseer daarvan om nie 'n kans te hê om te groet nie ("I had no chance to say goodbye to romance").
- Die lirieke van *Meadowlands*, in drie verskillende tale geskryf, is egter meer oppervlakkig en stuur 'n gemengde boodskap dat die mense van Sophiatown oënskynlik gewillig is om te gaan ("go to Meadowlands, our beloved place" – gesing met ironie en sarkasme), en tog is dit nie die ware betekenis van die lirieke nie. Die ironie is subtiel en bedek ("staying here in our beloved place" – wat verwys na Sophiatown – hul waarlik geliefde tuiste – gesing met eerlikheid en opregtheid).
- *Meadowlands* is geskryf om die owerhede te laat dink dat die lied die hervestiging van die inwoners in Soweto ondersteun.
- *Sophiatown* is na die gebeurtenis geskryf as 'n besinning oor wat gebeur het, terwyl
- *Meadowlands* 'n proteslied was wat ten tye van die gebeurtenis geskryf is om die gevoelens van die mense uit te druk.

**VRAAG 5**

Luister na **Snit 15 (04:06) [Erlkönig: Schubert – Oorspronklik]** en **Snit 16 (03:45) [Erlkönig Rammstein]**.

Skryf 'n opstel waarin jy **Snit 15** en **Snit 16** vergelyk.

Vergelyk benewens die algemene musiekelemente ook die toonsetting van die lirieke, woordskildering, programmatiese elemente en stemming.

Sluit die volgende inligting in jou bespreking in:

- Die naam van die digter
- 'n Definisie van die genre
- Die vorm van die werk, met 'n verduideliking
- Noem twee niemusikale romantiese kenmerke in die werk

Bied jou eie mening aan oor watter snit jy verkies en regverdig dit met verwysing na die gebruik van minstens twee musiekelemente. Maak seker dat die vergelyking die hoofdeel van die opstel vorm en dat jy beide ooreenkomste en verskille bespreek.

Jou opstel sal nagesien word deur die volgende rubriek te gebruik:

RUBRIEK VIR OPSTEL	
20–16	Toon duidelik 'n begrip van die vraag, lewer feitelike bewys, voltooi al die vereistes en verskaf 'n insiggewende vergelyking van die werke met verwysing na beide die algemene kenmerke van die genres en die spesifieke eienskappe van die twee snitte. Eie mening van die werke word met insig en spesifieke verwysing na die gebruik van die musiekelemente aangebied.
15½–10½	Toon 'n begrip van die vraag, voltooi al die vereistes, lewer feitelike bewys en verskaf 'n vergelyking van die werke met verwysing na beide die algemene kenmerke van die genres en die spesifieke eienskappe van die snitte. Eie mening van die werke word aangebied met beperkte insig en veralgemening in terme van die gebruik van die musiekelemente.
10–5½	Voldoen aan al die vereistes, maar toon slegs 'n gedeeltelike begrip van die vraag en beperkte feitelike bewys. Vergelyking van die werke is beperk met slegs gedeeltelike verwysing na óf die algemene kenmerke van die genres óf die spesifieke eienskappe van die snitte. Eie mening is beperk met min of geen verwysing na die gebruik van die musiekelemente nie. Daar is 'n wanbalans tussen die afdelings van die opstel.
5–0½	Toon minimale begrip van die vraag, voltooi nie al die vereistes nie en verskaf slegs 'n vae verwysing na die feite of geen gebruik van feite nie. Geen vergelyking of mening word aangebied nie. Daar is geen balans in die opstel nie.

**DIE ANTWOORD OP HIERDIE VRAAG MOET IN OPSTELVORM GESKRYF WORD – DIE MEMO IS GETABULEER VIR MAKLIKE VERWYSING.**

<b>Digter (1)</b>	Goethe	
<b>Definisie van genre (1)</b>	Lied (0): solostem en klavier in Duits (1)	
<b>Vorm en verduideliking (2)</b>	Deurgekomponeer – ander musiek vir elke vers	
<b>Twee niemusikale romantiese kenmerke (2)</b>	<p>Fassinasië met die natuur – milieu is die natuur.</p> <p>Fassinasië met die bonatuurlike – die Elwekoning en sy dogters is bonatuurlike wesens.</p> <p>Romantiese oortuiging dat 'n kind spirituele suiwerheid behou en nader is aan die bonatuurlike ryk. Die kind kan sien wat die pa nie kan sien nie.</p> <p>Miniatuurstuk – lied. Romantiese musiek was "miniatuur" of "monumentaal".</p> <p>Kombinasie van musiek en poësie.</p> <p>Nasionalisme vanweë die gebruik van folklore.</p>	
	<b>Snit 15: Oorspronklike</b>	<b>Snit 16: Rammstein</b>
<b>Tonaliteit en harmonie</b>	<p>Mineur vir die pa, seun en verteller. Majeur vir die Elwekoning se seksies – alhoewel die Elwekoning in die laaste vers in die mineurtoonaard sing om sy woede te vertoon.</p> <p>Komplekse, chromatiese harmonie. Gebruik van verminderde 7<sup>des</sup>.</p> <p>In 'n laer toonaard (g mineur) as die verwerking.</p>	<p>Deurgaans mineur. Geen verandering van tonaliteit vir die Elwekoning se seksies nie, terwyl die Elwekoning in die oorspronklike in die majeuretoonaard sing.</p> <p>Harmonie is nie so kompleks nie.</p> <p>Die naspel aan die einde het 'n majeure-seksie.</p>
<b>Metrum</b>	Vierslagmaat	Drieslagmaat / saamgestel
<b>Tempo</b>	Die oorspronklike tempo is "Schnell". Daar is 'n accelerando teen die einde volgens die uitvoeringsaanwysings.	Stadiger as Snit 15.
<b>Melodie/ Toonhoogte</b>	Elkeen van die vier karakters sing in 'n ander register van die stem: die pa – laag; seun – boonste register; Elwekoning en verteller in middelregister. Die uitbeelding van die Elwekoning se karakter word ook versterk deur die verandering van tonaliteit (na majeure) en die verandering in die begeleidingspatroon. Groter omvang as Rammstein.	<p>Melodie is anders – drieslagmaat dra ook hiertoe by.</p> <p>Die stygende melodiese linkerhandfiguur in die inleiding is nie aanwesig nie.</p> <p>Elwekoning se begeleidingspatroon verander nie soos in die oorspronklike nie.</p>
<b>Lirieke</b>	<p>Getrou aan die oorspronklike Duits.</p> <p>Drie karakters plus 'n verteller word in die lirieke uitgebeeld.</p>	Getrou aan die oorspronklike Duits. Beide in Duits.
<b>Programmatiese elemente</b>	<p>Die galopperende perd word deurgaans voorgestel deur 'n herhalende trioolpatroon in die regterhand.</p> <p>Die accelerando teen die einde beeld die dringendheid daarvan uit om veiligheid te bereik en dan beeld die ritardando die perd uit wat tot 'n drafstap vertraag wanneer hulle die huis nader.</p>	Die perd word nie deur klaviertriole uitgebeeld nie, maar eerder deur die tamboeryn wat op die tussenslae speel en 'n trioolgevoel skep.

<b>Woordskildering</b>	<p>Die toenemende vrees van die kind word uitgebeeld deur die herhalende stygende chromatiese motief wat hoër word elke keer wanneer die kind sing.</p> <p>Die verteller se lyn wat van die dood van die kind vertel, is in resitatief, wat die tragedie beklemtoon.</p> <p>"Todt" word met meer empatie gesing om die hartseer van die kind se dood te weerspieël.</p>	<p>Die toenemende vrees van die kind word nie deur die melodie oorgedra nie – die stygende halftoon ontbreek en val eerder, wat afbreuk doen aan die angs.</p> <p>Die dood van die kind aan die einde, oorspronklik uitgebeeld deur resitatief te gebruik, word nou gevolg deur 'n naspel in die majeuretoon.</p> <p>Produkstegnieke word gebruik om die karakters te definieer/ skets.</p>
<b>Ritme</b>	<p>Aandrywende ritme as gevolg van die trioelfiguur in die begeleiding.</p> <p>Verteller sing hoofsaaklik in bestendige nootwaardes – dui sy objektiwiteit as die storieverteller aan.</p> <p>Gepunteerde ritmes kenmerk die seun se melodie, "Mein vader", en die pa se melodie.</p> <p>Elwekoning sing in langer, relatief bestendige nootwaardes.</p>	<p>Die drieslagmaat het 'n meer ontspanne ritme tot gevolg. Ritme gebruik baie "lang-kort" (halfnoot/kwartnoot) -patrone. Voel soos 'n wals. Die aandrywende ritme van die oorspronklike ontbreek.</p>
<b>Toonkleur</b>	Manstem begelei deur soloklavier.	<p>Manstem – skerp toon.</p> <p>Tromstel. Ritmekitaar.</p> <p>Bas en hoofkitaar gebruik vervorming.</p> <p>Klavier, tamboeryn.</p> <p>Vervormde stemme.</p>
<b>Tekstuur</b>	Homofoniese tekstuur.	Digte tekstuur maar hoofsaaklik homofonies met polifoniese seksies waar die kitaar/bas kontramelodieë vir die stem speel.
<b>Dinamiek</b>	Deurgaans mezzo forte – forte. Skielike veranderinge in dinamiek is nie so opmerklik nie.	Deurgaans hard. Geen dinamiese variasie nie.
<b>Struktuur</b>	Deurgekomponeer met 'n 16-maat-inleiding; 3- of 4-maat-tussenspele; volmaakte kadens na finale resitatief.	<p>Deurgekomponeer.</p> <p>Baie korter inleiding.</p> <p>Langer tussenspele tussen verse met die hoofkitaar wat 'n solokans kry.</p> <p>Langer naspel.</p>
<b>Stemming</b>	Angstige stemming van die begin af, wat versterk word namate die lied vorder.	Die drieslagmaat dra by tot 'n minder angstige stemming. Die gevaar en paniek van die seun is nie so duidelik nie.
<b>Style</b>	<u>Romanties (geen punt)</u>	20 <sup>ste</sup> eeu / 21 <sup>ste</sup> eeu / rock / metal (½)



**VRAAG 6**

Luister na **Snit 17 (01:40) [Anthropology – Charlie Parker van die album *The Genius of Charlie Parker*; 2005; Savoy Jazz]** en **Snit 18 (01:55) [Three to get Ready – Dave Brubeck Quartet/Paul Desmond uit *Time Out* Not Now Music Limited 2011]**.

6.1 Maak drie regmerkies in Kolom A om unieke eienskappe van **Snit 17** te identifiseer en maak drie regmerkies in Kolom B om unieke eienskappe van **Snit 18** te identifiseer. Maak 2 regmerkies in Kolom C om gemeenskaplike eienskappe van die twee snitte te identifiseer.

**Maak regmerkies vir gemeenskaplike eienskappe slegs in Kolom C – moenie in al drie kolomme regmerkies maak nie.**

	<b>KOLOM A</b> Unieke eienskappe van <b>Snit 17</b> 3 regmerkies Parker	<b>KOLOM B</b> Unieke eienskappe van <b>Snit 18</b> 3 regmerkies Brubeck	<b>KOLOM C</b> Gemeenskaplike eienskappe van <b>Snit 17 en Snit 18</b> 2 regmerkies
Veranderende tydmaattekens		x	
Roep en antwoord tussen klavier en saksofoon		x	
Saksofoonimprovisasie			x
Bastrom-"bomme"	x		
Trompetimprovisasie	x		
Klavierimprovisasie		x	
Walking bass			x
Vierslagmaat	x		

6.2 Identifiseer die musiekstyl wat deur elke snit verteenwoordig word en noem die dekade waarin elkeen ontwikkel het.

Snit 17: **Bebop. 1940's**

Snit 18: **Cool Jazz. 1945 / laat 1940's / 1950's**

**SIEN SÓ NA: Naam van styl = 1/2 en dekade = 1/2 = 2**

Luister na **Snit 19 (02:03)** en **Snit 20 (01:35)**.

6.3 Kies ses stellings uit die lys hieronder: twee wat waar is van **Snit 19**, twee wat waar is van **Snit 20** en twee wat waar is van albei snitte. Skryf SLEGS die NOMMER van elke stelling in die betrokke kolom in die tabel hieronder.

- |   |   |
|---|---|
| 6.3.1 Ritmeseksie bestaan uit bas, klavier, tromstel. | 6.3.6 Stadiger as Snit 19                                   |
| 6.3.2 Kop word twee keer aan die begin gespeel        | 6.3.7 Solo-improvisasies op viool en gedempte tromboon      |
| 6.3.3 Geen gesamentlike improvisasie nie              | 6.3.8 Die laaste solo word gespeel deur die gedempte kornet |
| 6.3.4 4-maatsolobreuk voor elke improvisasie          | 6.3.9 Solo-improvisasies op trompet en saksofoon            |
| 6.3.5 Solo-improvisasies op trompet en klarinet       | 6.3.10 Nabootsing tussen die solo-instrumente               |

	Uniek aan Snit 19	Uniek aan Snit 20	Gemeenskaplik aan albei
Stelling-nommer	6.3.4	6.3.5	6.3.1
Stelling-nommer	6.3.7	6.3.10	6.3.2
Stelling-nommer	6.3.3		

6.4 'n Paar van die solo-instrumente is in B-mol, wat 'n majeur 2<sup>de</sup> laer klink as wat dit geskryf is. Transponeer die C bluestoonleer sodat dit deur die solo-instrumente gespeel kan word. Gebruik 'n toonsoortteken en voeg enige nodige skuiftekens by.



OF



**SIEN SÓ NA: 1 punt – die toonleer is reg of verkeerd. Indien korrek maar sonder 'n toonsoortteken geskryf, –1/2. Kan geskryf word met die toonsoortteken van D-mineur.**

**Totaal: 100 punte**